

Stap-vir Stap riglyne vir die GDE se aanlyn- Registrasieproses

Pretoria – Die Gautengse Departement van Onderwys het alle ouers ingelig dat die aanlyn-toelatingsproses vir alle leerders vanaf graad 1 tot en met graad 8 op Dinsdag 2 Mei sal begin.

Ouers doen elektronies aansoek deur aan te meld op
www.gdeadmissions.gov.za.

Die Departement het 'n stap-vir-stap riglyn saamgestel vir hierdie registrasieproses.

Die Registrasieproses

- 1. Die gebruiker sal eerstens aanmeld deur te klik op “Register/Registreer” en die ouer-inligting in te tik alvorens die aansoek ingedien kan word.
- 2. Hierna kies die ouer die “Select the Registration Type/Kies die Tipe Registrasie” vir Suid-Afrikaanse/Nie-Suid-Afrikaanse Burgers”.
- 3. Hierna verskyn die skerm vir “ID Number/Passport/ID-nommer/Paspoort-nommer” wat ingevul moet word.
- 4. Vervolgens sal die nodige inligting van die ouer self voorsien moet word ten einde te registreer en die nodige aantekenbesonderhede te ontvang.

Aanmeldingsprosedure

- 5. Gebruik die aantekenbesonderhede wat ontvang is om toegang te verkry tot die bladsy waarop die aansoek aanvanklik verskyn het.
- 6. Op hierdie bladsy kan:
 - Ouers wat in 2016 elektronies aansoek gedoen het, dieselfde besonderhede gebruik as wat in daardie stadium gebruik is hier te herhaal.
 - Indien die ouer die aantekenprosedure vergeet het, kan die “reset/herstel” wagwoord gebruik word om nuwe aanteken-besonderhede te ontvang.
 - Beskou en/of korrigeer die besonderhede deur op “My Details/My besonderhede” te klik.
 - Registreer die inligting van die leerder deur op die “Register Learner/Registreer die Leerder”-skakel te kliek. Die registrasieproses kan nie voltooi word indien hierdie stap nie afgehandel is nie.
 - Pas die bogenoemde stappe toe deur op die skakel “Apply for 2018/Aansoek vir 2018” te kliek.

Die Aansoekprosedure.

7. Algemene toepassing.

- Kies 'n leerder
- Kies die graad waarin die leerder in 2018 sal wees.
- Kies die huis- of werkadres sodat die program die drie naaste skole aan die adres kan aandui.
- Kliek dan “Apply/Pas toe” ten einde die aansoek in te dien.
- 'n SMS sal outomaties na die ouer se selnommer gestuur word om die aanlyn-aansoek te bevestig.

8. Aansoek vir 'n leerder met 'n broer/suster in 'n skool.

9. Aansoek by 'n skool van u keuse

- Kies 'n leerder
- Kies die graad vir 2018
- Kliek op die “checkbox/kontrolekassie” vir die broer/suster se skool
- Indien die broer/suster se skool nie verskyn nie, kliek op “Add Sibling Details/Voeg broer/suster by” om eerstens die broer/suster se inligting te registreer en kies dan die betrokke skool
- Kies die huis- of werksadres sodat die stelsel die twee naaste skole kan wys
- Kliek “Apply/Pas toe” om die aansoek in te dien
- 'n SMS sal outomaties na die ouer se selnommer gestuur word om die aanlyn-aansoek te bevestig.
- Kies die toepaslike graad van die leerder vir 2018
- Kies die skool van u keuse oftewel “school of choice”-opsie op die keuses wat op die skerm verskyn om die betrokke skool te kies
- Kies die huis- of werkadres op die tweede opsie sodat die program die twee naaste skole aan die adres kan aandui.
- Kliek dan “Apply/Pas toe” ten einde die aansoek in te dien.
- 'n SMS sal outomaties na die ouer se selnommer gestuur word om die aanlyn-aansoek te bevestig

'n SMS sal outomaties na die ouer se selnommer gestuur word om die aanlyn-aansoek te bevestig.

Ouers sal dan 'n periode van 7 dae ontvang om die plasing te aanvaar of te verwerp.